**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saak nommer. : 3092/2010

In die saak tussen:

**BOTHA-BATHO TRANSPORT (EDMS) BPK** Applikant

en

**S BOTHMA & SON TRANSPORT (EDMS) BPK** Respondent

---

**UITSPRAAK:** HANCKE, WND RP

---

**AANGEHOOR OP:** 12, 13, 15, 21 JUNIE 2012

---

**GELEWER OP:** 20 SEPTEMBER 2012

---

[1] Hierdie is 'n aansoek om verlof om te appelleer teen die gehele uitspraak van hierdie hof gelewer op 21 Junie 2012. Die applikant (eiser in die hof *a quo)* het twee vorderings teen die respondent (as verweerder) ingestel, welke vorderings beide van die hand gewys is met koste.

[2] Wat die eerste vordering betref, is in die uitspraak daarmee gehandel (sien para [4] – [19]).

[3] Wat die tweede vordering betref is dit ingeklee as 'n

deliktuele vordering vir die betaling van skadevergoeding vir skade wat eiser sou gelei het deur die beweerde onregmatige en skuldige optrede van die verweerder.

[4] Die eerste vordering is afhanklik van die interpretasie van ‘n skikkingsooreenkoms wat tussen die partye aangegaan is. Dit behels, na my mening, ingewikkelde regsvrae wat nie ‘n klinkklare antwoord eenkant of anderkant toe het nie. Na my mening is daar wel redelike uitsigte op sukses dat ‘n ander hof tot ‘n ander bevinding kan kom as wat hierdie hof gekom het. Weens die ingewikkeldheid hiervan, is ek van mening dat dit die aandag behoort te geniet van die Hoogste Hof van Appèl.

[5] Soos in die uitspraak aangetoon, is daar nie voldoende getuienis om onregmatige optrede aan die kant van die respondent aan te toon nie. Na my mening bestaan daar geen vooruitsigte op sukses in hierdie verband nie.

[6] Bygevolg word die volgende bevele verleen:

(a) Verlof word aan die applikant verleen om teen die afwysing van die eerste vordering te appelleer, en wel

na die Hoogste Hof van Appèl.

(b) Die koste van hierdie aansoek sal koste in die appèl wees.

**S. P. B. HANCKE, WND RP**

Namens die applikant: Adv. P Ellis SC
bygestaan deur Adv. PG Leeuwner
In opdrag van:
Naudes
BLOEMFONTEIN

Namens die respondent: Adv. C Acker
In opdrag van:
Vermaak & Dennis
BLOEMFONTEIN

/eb